

Die Nuwe Deformasie: Kerntekste in die Ou Testament wat aangeveg word en 'n antwoord daarop

Deur: ds. W A Burger

1. Inleiding
2. Probleemstelling
3. Metodologie
4. Kerntekste onder die soeklig
 - 4.1. Génesis 1-3
 - 4.2. 1 Samuel
 - 4.3. Jesaja 7
5. Gevolgtrekking
6. Literatuurverwysings

1. Inleiding

“At a time when Christian commitment is lower than ever before, and when all branches of the Church have admitted the need for clear, incisive evangelism, it seems that the leading theologians of our colleges and universities are engaged in a kind of competition to see which of them can deny the greatest number of central Christian doctrines without being disciplined”¹

Hierdie woorde van Gerald Bray is tekenend van die Nuwe Hervorming (Nuwe Deformasie) beweging en die impak daarvan op die Ou Testament navorsing in Suid-Afrika.

Resente uitsprake dui daarop dat Ou Testamentici uit die geledere van die Nuwe Deformasie verbete vasklou aan 'n histories kritiese hantering van die Ou Testament teks as enigste relevante werkswyse.² Selfs Brueggemann se Post-Moderne benadering en Goldingay se Narratiewe benadering word afgemaak as konserwatief. Slegs Ou-Testamentici wat húl paradigmaveranderinge hul eie maak en buig voor die belydenis dat ons in die Ou Testament “slegs maar met menslike insigte en perspektiewe te doen kry”, is aanvaarbaar.

Daarteenoor beweeg die Afrikaanse Protestantse Akademie saam met veral gereformeerde Amerikaanse Ou Testamentici, in 'n ander opwindende rigting. In lyn met 'n gereformeerde Skrifbeskouing word die eenheid van die Bybel en die Heilshistoriese ontvouing daarin, al meer beklemtoon.

Die feit dat Spangenberg desperaat probeer oortuig dat 'n kritiese studie van die Ou Testament nie aan die taan is nie en dat konserwatiewe Ou Testamentici in die VSA nie soveel veld wen nie,³ is stof tot nadenke. Dit maak 'n gereformeerde-hermeneutiese ondersoek na die Ou Testament-vraagstukke waaroor die Nuwe Deformasie absolute uitsprake maak, soveel te meer relevant.

2. Probleemstelling

Die vraag wat hierdie studie wil beantwoord: “Kan die uitsprake van die Nuwe Deformasie weêreld word deur gereformeerde eksegese?”

¹ Gerald Bray, 1997:7.

² Spangenberg, 2012: 7-9.

³ Spangenberg, 2012:7.

Voordat 'n antwoord gegee word, is dit nodig om 'n paar vertrekpunte te verklaar:⁴

- In hierdie studiestuk word die Bybel hanteer as die organies-geïnspireerde Woord van God.
- Die progressie van God se openbaring deur die Ou Testament na die Nuwe Testament word gehandhaaf.
- Daar word erken dat die Gees 'n spesifieke bedoeling met elke betrokke Bybelse perikoop het.
- Hoewel elke eksegeet se toepassing feilbare mensewerk is, verander dit nie die Goddelike gesag van die Bybel nie.

Om verantwoordelik met die teks om te gaan word die volgende kontrolemaatreëls, wat De Klerk gebruik, gehandhaaf:⁵

- Die tydvak waarin die Bybelboek geskryf is word in ag geneem.
- Die Skrif is nie tydgebonde nie, maar tydgerig.
- Daar moet verreken word dat 'n skrywer kon aangesluit het by tradisies uit sy eie tyd.
- Die Bybel self wys wat letterlik verstaan moet word.
- Van die eksegeet word 'n biddende nederigheid verwag. Die eksegeet is nie die eerste een wat onder leiding van die Heilige Gees die Bybel bestudeer nie en kan maar gerus op die skouers staan van die reuse voor hom.
- Eksegetiese beslissings is veral by etiese sake nodig. Die groot geloofswaarhede soos Christus se plaasvervangende kruisdood en opstanding word ondubbelsinnig gekonstateer as die waarheid.

Die belydenis word gehandhaaf dat God Homself en sy wil, in en deur sy Woord aan die gelowige eksegeet openbaar. Daarteenoor beweer Dr. Ben Toit, oud-dosent in Nuwe Testament aan die Fakulteit Teologie op Stellenbosch: *Die verskillende verhale en tekste in die Bybel moet liefers nie in die eerste plek gelees word as "woorde van God" nie, maar as woorde van mense.*⁶

3. Metodologie

Uit die vele moontlik tekste is drie gekies: een uit die Wetboeke, een uit die Historiese Geskrifte en een uit die Profete. Hier word veral na drie Nuwe Deformasie-uitsprake gekyk. Eers word die uitsprake van die Nuwe Deformasie eers aangehoor en daarna 'n bondige antwoord vanuit 'n eksegetiese weergegee.

4. Kerntekste onder die soeklig

4.1. Génesis 2:4b-3:24

4.1.1. Die aannames

Uit hierdie teksgedeeltes word baie uitsprake gemaak, maar die een waarop die studie egter gaan fokus is: "Die leer oor die erfsonde en die leer van die dood as ewige straf op sonde is uitgediende leerstukke wat in 'n argief hoort".⁷ Die teks wat hier ter sprake kom is Gén. 24b-3:24.

Argumente van die Nuwe Deformasie:

- a). Adam, Eva en die slang is fiktiewe karakters wat die verhaal van die verlies van die ewige lewe vertel, nie die sondeval nie.⁸

⁴ cf. De Klerk & Van Rensburg 2005:5-6.

⁵ De Klerk & Van Rensburg 2005:6-7.

⁶ "Wat sê die Bybel?" in Aanlyn Kerkbode 01/08/2012 gelaai.

⁷ Spangenberg: "Die Dogma van Erfsonde".

⁸ cf. Muller 2002:102.

“Daar is twee skeppingsverhale (Gen 1 en Gen 2-3). Nie een van hierdie verhale kan as geskiedenis geklassifiseer word nie. Daar was dus nie 'n regtige Adam en Eva nie. Hulle is slegs verhaalkarakters. Genesis 2-3 vertel nie die verhaal van hoe sonde in die wêreld ingekom het nie, maar hoe die mens die kans om vir ewig te kan lewe, verbeur het. Daar was immers 'n tweede boom in die middel van die tuin - die boom van (die ewige) lewe! Die slang het Eva van daardie boom weggelok en haar vrugte van die boom van kennis aangebied. Die slang is nie die Satan nie. Latere vertellings en dogmatiese leerstellings het hom met die Satan gelyk gestel. Maar volgens hierdie verhaal is hy dit nie. Die slang is ook 'n verhaalkarakter en soos ander dierekarakters kan hy praat”.⁹

Spangenberg stel dit: “Die magdom bewyse in die fossielgeskiedenis van die aarde wat daartoe lei dat bioloë die evolusieteorie nie meer as 'n teorie beskou nie maar as bewese. Dit bevraagteken die Christelike siening van 'n oerpaar (Adam en Eva) wat vir al die sondes en ellendes in hierdie wêreld verantwoordelik is. Die erfsondeleer kom hierdeur in gedrang”.¹⁰

b). Augustinus het die rare uitgediende leerstuk geformuleer. Sy kennis van Hebreeus en Grieks was nul en het nie berus op goeie eksegetiese nie, maar filosofiese aannames.¹¹

c). Volgens die Bybelse sondeleer word mense nie as sondaars gebore nie, maar doen slegs sonde wanneer hulle verkeerd kies en optree. Die Bybel ken geen sondeval nie.¹²

4.1.2. 'n Antwoord

Twee Skeppingsverhale

Die feit daar twee skeppingsverhale is, sê Kroeze, is “nie in stryd met ons Skrifgeloof nie. Beide verhale is Goddelike openbaring”.¹³ Die skeppingsverhaal (Gén. 1:1-2:4a) berig net oor die skeppingsweek. Die tuinverhaal (2:4b-3:24) begin ook by die begin, maar vertel ook wat verder in die tuin gebeur het. Vir sommige tas die bestaan van twee skeppingsverhale die geloofwaardigheid en betroubaarheid van die Skrif aan. Die rede hiervoor, verklaar Kroeze, is dat “die Heilige Skrif nie aanvaar word soos dit voor ons lê nie, maar dat ons vir onself 'n bepaalde voorstelling maak van wat volgens ons ideë die Skrif sou moet wees”. Die Heilige Gees, wat die Bybelskrywers organies geïnspireer het, het nie 'n chronologiese geskiedenisboek beoog nie, maar Hy “openbaar wat nodig is vir ons heil”.¹⁴ Vir die gelowige is die verskillende Evangeliebeskrywings nie 'n probleem nie, waarom sou twee skeppingsverhale ons daartoe bring om te glo dat almal betrokke daarby, fiktiewe karakters is? “Die twee verhale is twee gans verskillende visies, deur God aan die skrywers gegee. Beide getuies is getrou”.¹⁵

Die slang

Die slang (nachasj / נחש) word aan ons voorgestel as 'n gewone dier. Hy word met die ander diere vergelyk en meer listig (aroem / ערום) genoem. Die woordspel wat dit verbind met die naaktheid (aroemiem) van Adam en Eva is treffend. Eva en Adam se ongehoorsaamheid aan God en gehoorsaamheid aan die slang, lei tot sonde.

Moet die slang net as 'n pratende, jukkende dierekarakter beskou word of kan die dier verbind word met die persoon van Satan? Oosterhoff vra: “Wie is eienlijk de slang? Is hy

⁹ Spangenberg: “Die Dogma van Erfsonde”.

¹⁰ Muller 2002:102

¹¹ Spangenberg: “Die Dogma van Erfsonde”.

¹² Spangenberg: “Die Dogma van Erfsonde”.

¹³ Kroeze 1967: 8-9.

¹⁴ Kroeze 1967:41.

¹⁵ Kroeze 1967:48.

een gewoon dier? Of zit er iets anders achter? Is hij een werklikheid of simboliseert hij iets? Voor Jesus was de slang in het paradys niet anders dan de duivel”.¹⁶

Jesus verklaar: *Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan* (Joh. 8:44) [eie beklemtoning].

Kroeze verklaar dat Gén. 3 niks sê omtrent die verhouding tussen die slang en die duiwel nie.¹⁷ Die Nuwe Testament bring meer lig op die onderwerp. As Mt. 8:32 leer van duiwels wat in diere invaar, is dit moontlik dat Satan in die slang kon vaar. Die oordeel oor die slang teken hier ook die oordeel oor die duiwel.

In die laaste Bybelboek kom die ou slang weer ter sprake, met sy finale vermorseling: *En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp* (Openb. 12:9 vgl. 20:2).

Adam en Eva

Génesis 3 getuig van Adam en Eva as werklike persone en die res van die Bybel bevestig dit. Jesus sê in Mt. 19: *En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie* (Mt. 19:4). Markus beklemtoon nog duideliker: *maar van die begin van die skepping af het God hulle man en vrou gemaak* (Mk. 10:6) [eie beklemtonings].

Vosloo se siening van Gén. 3:15 is: “die vloek oor die slang word deur sommige persone as die “moederbelofte” beskou in dié sin dat dit 'n voorspelling van Christus se oorwinning oor Satan sou wees. So 'n opvatting lewer egter baie probleme ten opsigte van vorm, taalkunde, struktuur, teksgeskiedenis en teologie. Hierdie teks kan dus nie as voorspelling van die kruisdood van Jesus beskou word nie ...”¹⁸

Kroeze antwoord: “Natuurlik is hierdie moederbelofte *Messiaans*, want sonder die Messias is geen verlossing moontlik nie”.¹⁹ Hierdie is die belofte waarin die hele heilsontwikkeling opgesluit lê. Hoewel Jesus self nooit iets gesê het oor sy vervulling van die belofte nie, word dit duidelik in die lig van die voortgaande openbaring.²⁰

Le Cornu verklaar voorts: “Ware wetenskap op alle gebiede buig voor Christus, nie andersom nie”.²¹

Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek (1Joh. 3:8). Hierdie belofte wys dus nie net op die kruis nie, maar ook op die finale beëindiging van die vyandskap met die eindoordeel (Openb. 12:10).

¹⁶ Oosterhoff 1972:165.

¹⁷ Kroeze 1967:66.

¹⁸ Vosloo 1993:15.

¹⁹ Kroeze 1967:68.

²⁰ cf. Kroeze 1967:68.

²¹ Le Cornu: “Skrifongeloof in ons tyd – Bybel en wetenskap: H G Stoker se getuienis” www.proregno.co.za.

Wat is die gevolgtrekking oor erfsonde? Oosterhoff konkludeer sy hermeneutiese ondersoek: "De Schrift zegt ons, dat de eerste mens in zonde is gevallen en er sindsdien continuïteit van de zonde is in de lijn der geslachten".²²

4.2. 1 Samuel 18-20

4.2.1 Die aannames:

Die verhouding tussen Dawid en Jónatan is gekenmerk deur homo-erotiek m.a.w. seks tussen mense van dieselfde geslag.²³

Argumente van die Nuwe Deformasie:

a). ... *maar Jónatan, die seun van Saul, het baie van Dawid gehou* (1Sam. 19:1b). Dieselfde Hebreeuse werkwoord (חָפֵץ/ chafets) word in Ex. 34:19 gebruik vir seksuele begeerte.

b). *En Jónatan sê vir Dawid: Kom, laat ons uitgaan die veld in. En hulle twee het die veld ingegaan* (1Sam. 20:11). Dieselfde uitnodiging word in Hooglied 7:12 gebruik. Minnaars het in die veld "liefde gemaak".²⁴ Die boek Hooglied handel oor 'n buite-huwelikse seksuele verhouding.

c). ... *daarna het hulle mekaar gesoen en saam geween, totdat Dawid hardop gesnik het* (1Sam. 20:41). "... soene en trane van minnaars wat binnekort geskei gaan word ...". Die Hebreeuse woord *gadal* wat met "hardop gesnik" vertaal is, beteken eintlik "groot word". Dit kan egter ook verstaan word as "totdat Dawid 'n ereksie gekry het".²⁵

d). *Jy was vir my baie lieflik; jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van vroue* (2Sam. 1:26b). "Hierdie uitdrukking kom woordeliks voor in Hoogl. 2:7 en 8:4 [sic] waar die man sy minnares die hof maak".²⁶

e). Volgens die geskiedkundige agtergrond van die omgewing was dit vir soldate nie die uitsondering nie, maar die norm.²⁷

f). "Verder is dit ook voor die hand liggend dat mens nie lukraak en selektief Bybeltekste kan aanhaal om homoseksualiteit te verdoem nie. Dit is 'n aanstootlike vorm van intellektuele oneerlikheid".²⁸

Om die Hebreeuse werkwoord "liefhê" (אהב) hier toe te pas as erotiese liefde is verregaande terwyl die skrywer tog weet dat dit vir alle tipes liefde gebruik word, van moederliefde tot broederliefde. Dieselfde geld vir "hou van" (חָפֵץ). Dieselfde woord beskryf Saul se aanvanklike goeie gesindheid teenoor Dawid met geen sekuele bedoeling nie.

In 1Sam 18:22 staan daar: "En Saul het sy dienaars bevel gegee: Spreek met Dawid in die geheim en sê: Kyk, die koning hou van jou, en al sy dienaars het jou lief: word nou maar die koning se skoonseun".

Van der Born wys daarop dat die Vulgata dit nog duideliker maak: Om alle misverstand uit te sluiten voegt Vg eraan toe: "sicut mater unicum amat filium suum, ita ego te diligebam"²⁹ "Soos 'n moeder haar enigste seun liefhet, so het ek jou lief" (eie vertaling).

²² Oosterhoff 1972:229.

²³ Wolmarans, H 2010, "Dawid, Jonatan en Homo-erotiek", www.spiritualiteit.co.za.

²⁴ Wolmarans, 2010.

²⁵ Wolmarans, 2010.

²⁶ Wolmarans, 2010.

²⁷ Wolmarans, 2010.

²⁸ Wolmarans, 2010.

Om die Hebreeus werkwoord (*gadal* / גדל) hier met 'n ereksie te vertaal, getuig van swak smaak. Die woord word in 'n wye verskeidenheid van situasies in die Bybel gebruik, van "om die Here groot te maak", tot 'n kind wat opgroei; maar nooit in 'n seksuele sin nie. In hierdie konteks staan dit in verband met Dawid se hartseer omdat hy van sy boesemvriend moet afskeid neem, dalk die laaste te keer. Hier is twee voorbeelde waar die woord in dieselfde konteks gebruik word:

In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem ... (Sag. 12:11a).

En hulle het by hom op die grond gaan sit, sewe dae en sewe nagte lank, sonder dat iemand 'n woord met hom gepraat het; want hulle het gesien dat die smart baie groot was (Job 2:13).

Brown, Driver en Briggs stel dit in hul woordeboek dat die Hif'il vorm van die werkwoord in hierdie vers as "wept greatly" verstaan kan word.³⁰ Dit is verstaanbaar waarom die 1983 Vertaling dit vertaal met "totdat Dawid baie ontroerd geword het" en die 1953 vertaling met "totdat Dawid hardop gesnik het". Dit is duidelik dat 'n vertaling wat Dawid se oorweldigende hartseer verwoord, hier gepas is.

Die Bybellenium vra na aanleiding van Dawid se treurlied oor Saul en Jonatan (2 Samuel 1:17-27):

Betekens vers 26 dat daar 'n homoseksuele verhouding tussen Dawid en Jonatan was? (Vgl. 1 Sam. 18:3) Nee, 'n mens moet onthou dat 'n digter dikwels in poësie oordryf. Jy kan nie uit die woordgebruik van vers 26 aflei dat daar 'n onnatuurlike verhouding tussen Dawid en Jonatan was nie. Daar was wel 'n sterk vriendskap wat hierdie twee persone saamgebind het.³¹

Vosloo sluit hierby aan: "Sommige mense wil in vers 26 tekens van 'n homoseksuele verhouding lees (vgl. 1 Sam. 18:1), maar daar word uit die oog verloor dat ons hier met 'n stuk poësie te doen het en dat die Bybel oor die algemeen sulke verhoudings afkeur"³²

Potgieter brei uit: "Die genre van hierdie teks is 'n gedig in die vorm van 'n klaaglied en kan daarom nie as 'n historiese weergawe gesien word nie. Dit was nie Dawid se intensie om met hierdie lied 'n historiese weergawe van sy en Jonatan se verhouding te gee nie, behalwe om die punt te maak dat dit 'n besondere verhouding was".³³

Die broederlike kus (1 Sam. 20:41:43) was nie 'n vreemde of erotiese gebruik tussen mansvriende in die antieke tyd nie. "n Soen op die wang was die gebruikelike groet tussen familielede".³⁴ Daarom gee Paulus ook sonder enige homo-erotiese bybedoelings, die opdrag: "Groet mekaar met 'n heilige kus" (Rom 16:16a).

Uit 'n studie van 1 Sam. 18-20 en 2 Sam. 1:17-27 blyk dit dat daar geen sprake is van 'n homoseksuele verhouding tussen Dawid en Jonatan nie. Wolmarans se gevolgtrekking is skreiend en geforseerd en om sy eie woorde te gebruik: "Dit is 'n aanstootlike vorm van intellektuele oneerlikheid".

²⁹ Van den Born 1956:215.

³⁰ Brown, Driver en Briggs 1959:152.

³¹ Vosloo & Van Rensburg 1999:335.

³² Vosloo 1993:425.

³³ Potgieter 2006:320.

³⁴ Potgieter 2006:322.

4.3. Jesaja 7

4.3.1. Aanname

“Daar is vir my iets bevrydends en positief daarin dat 'n buite-egtelike seun van 2000 jaar gelede, Jesus van Nasaret, my rolmodel is”, beweer Wolmarans.³⁵

Argumente:

- a. “Jesus was Maria se buite-egtelike kind, moontlik by 'n Romeinse soldaat, Panthera”.³⁶
- b. “Die leerstuk van die maagdelike geboorte berus op 'n foutiewe en negatiewe siening van die vrou se rol in biologiese voortplanting. Dit funksioneer as 'n meestersimbool vir uitgediende patriargale waardes”.³⁷
- c. “Jesaja 7:13-14 is nie 'n profesie van 'n maagdelike geboorte nie”.³⁸
- d. “Jesus word nêrens direk in die Ou Testament voorspel nie. Die teologiese raamwerk van 'n heilsgeskiedenis, berus op 'n onaanvaarbare teologiese determinisme”.³⁹

Jesaja 7 lui: ¹³Toe sê hy: *Luister tog, o huis van Dawid! Is dit vir julle nie genoeg om mense te vermoei, dat julle my God ook vermoei nie?* ¹⁴Daarom sal die **HERE** self aan julle 'n teken gee: *Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.* ¹⁵*Dikmelk en heuning sal hy eet as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is.* ¹⁶*Want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees.*⁴⁰

Wolmarans lê Jesaja 7 soos volg uit: Koning Agas van Juda word ongeveer 700 v.C. deur twee ander konings aangeval (7:1). Jesaja troos hom (7:7) met 'n teken: “'n Jong vrou is [by haar man] swanger, en gaan binnekort 'n seun in die wêreld bring. Sy moet hom *God-is-Aan-Ons-Kant* noem” (7:14) (*Wolmarans parafrase*). Die woorde “... vóór hierdie seuntjie verstand kry, die twee konings se lande verwoes sal lê” (7:15), dui op onmiddellike vervulling en nie 'n Christusvervulling nie. Die kind was waarskynlik Jesaja se eie kind of Agas se vrou was swanger. Jesaja se historiese perspektief is determinisme. Jesaja het 'n telefoonlyn boontoe en wanneer God hom laat weet wat gaan gebeur, gee hy hoop deur sy eie of dalk die koning se kind die naam: “God baklei aan ons kant”, te gee.⁴¹

4.3.2. Antwoord

Grogan beredeneer die moontlike verklarings en sy eksegetiese uitleg pas by 'n gereformeerde beskouing van die Bybel.⁴²

Moontlike verklarings wat al deur eksegete gegee is:

- a. Die moeder is 'n koninklike, moontlik 'n koningin, so die kind is 'n prins, dalk Hiskia.
- b. Die moeder is Jesaja se vrou en die kind dus sy seun.
- c. Die profesie verwys nie na 'n spesifieke moeder nie, maar na moeder in Juda in die algemeen, wat hul kinders name gee wat hoop op God simboliseer.
- d. Die moeder is die maagd Maria en die kind Jesus.

³⁵ Wolmarans H, “Gebore uit die maagd, Maria ...” www.nuwe-hervorming.co.za.

³⁶ Wolmarans H, “Gebore uit die maagd, Maria ...” www.nuwe-hervorming.co.za

³⁷ Wolmarans H, “Gebore uit die maagd, Maria ...” www.nuwe-hervorming.co.za

³⁸ Wolmarans H, “Gebore uit die maagd, Maria ...” www.nuwe-hervorming.co.za

³⁹ Wolmarans H, “Gebore uit die maagd, Maria ...” www.nuwe-hervorming.co.za

⁴⁰ 1953 Vertaling van die Bybel.

⁴¹ Wolmarans H, “Gebore uit die maagd, Maria ...” www.nuwe-hervorming.co.za

⁴² Longman & Garland 2008:515-516.

- e. Die moeder is 'n koninklike tydgenoot van die profeet, wie se kind 'n naam sal dra wat die teenwoordigheid van God simboliseer en wat 'n voorafskaduwing van die vleesgeworde Messias is.

Die probleem met “b” is die veelbesproke Hebreëuse woord *alma*, wat in die LXX met “maagd” vertaal word. Grogan handhaaf die vertaling en verklaar *alma* as 'n “seksueel volwasse, ongetroude vrou”.⁴³ Jesaja se vrou is nie 'n maagd nie en dit skakel “b” uit.

Die werkwoord is enkelvoud so dit skakel “c” uit.

Die probleem met 'n direkte sprong na die Nuwe Testament is vers 16 wat enersyds 'n tydsaanduiding is en andersyds Christus se volmaaktheid sou kon aantas.

Die keuse van “e” in kombinasie met “a” lyk na 'n beter opsie as Wolmarans se keuse vir “b”. Grogan verklaar dat die vrou op die tydstip dat Jesaja die profesie verkondig het, nog 'n maagd kon wees en kort daarna getroud is en swanger geraak het. Sy was waarskynlik onbewus van die profesie aan Agas toe sy haar kind die naam “Immanuel” gegee het.⁴⁴ Die Assiriërs is inderdaad in 733-732 v.C., 'n jaar of twee na die profesie verslaan.

Die belofte aan die Huis van Dawid (13) is voorts in die volheid van die tyd vervul, toe die Messiaanse kind, Jesus Christus gebore is as Verlosser van sondes (Mt. 1:21). Die beskouing dat die leer van die maagdelike geboorte van Jesus, berus op 'n onaanvaarbare teologiese determinisme wat 'n vrou beskou as 'n passiewe blompot, strook nie met die geïnspireerde beskrywing van 'n “geseënde” wat haarself as “verheug in God” beskryf, nie.

Hierdie verklaring handhaaf die progressie van God se openbaring deur die Ou Testament na die Nuwe Testament.

5. Gevolgtrekking

Bray se waarneming⁴⁵ eis diepe besinning of deformerende akademici op 'n heksejag teen die groot geloofswaarhede en die belydenisskrifte uit is. Dit bring die kerk tot 'n nuwe nadenke oor sy belydenis en getuienistaak.

Die studie antwoord positief op die vraag of die uitsprake van die Nuwe Deformasie weerlê kan word deur gereformeerde eksegeese. Die navorsingsbronne tot beskikking van die eksegeet is nie meer 'n paar gereformeerde kommentare in 'n see van kritiese kommentare nie. Hoewel kritiese navorsing in ag geneem word, bly 'n biddende verantwoordelike studie van die teks onontbeerlik.

Génesis moet gepredik word as die geopenbaarde fondament waarop die res van die Bybel gebou word,⁴⁶ in 'n tyd waar evolusie-debatte die boodskap van die teks probeer relativer.

Die aanmatigende verdraaiing van die Bybelteks om homoseksuele propaganda te probeer regverdig, kan nie geduld word nie.

Tekste soos die profesieë in Jesaja vra van predikante meer intensiewe studie. Dit is egter belangrik, want uiteindelik moet dit weerklank vind in die suiwer verkondiging van die Woord.

Mag die Nuwe Deformasie gereformeerdes aanspoor tot groter inspanning as werkers wat “die woord van die waarheid reg sny” (2Tim. 2:15).

⁴³ Longman & Garland 2008:515.

⁴⁴ Longman & Garland 2008:517.

⁴⁵ Bray 1997:7.

⁴⁶ Vosloo 1993:2.

6. Literatuurverwysings

De Klerk, B J & Van Rensburg, F J 2005. *Preekgeboorte*. 'n Handleiding vir Gereformeerde Eksegese en Prediking. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
Muller, P (red) 2002. *Die Nuwe Hervorming*, Pretoria: Protea Boekhuis.

Internet-artikels:

- Botha P 2004. "Die Nuwe Hervorming en die 'Jesus Seminar'". *www.nhn.org.za*. Afgelaai 21/07/2008
- Boshoff, P B 2004. "Oor die betekenis van die maagdelike geboortetradisie: 'n Debat in die Nederduitsch Hervormde Kerk" *HTS*. 60 (1&2) 2004. *www.hts.org.za* Afgelaai 09:01:2013.
- Clowney, E P 1998. "The Glory of the Coming Lord: Discovering Christ in the Old Testament" *www.modernreformation.org*. Afgelaai 9:01:2013.
- Crossan, J D 2003. Virgin Mother or Bastard Child? *HTS* 59 (3) 2003. *www.hts.org.za* Afgelaai 09:01:2013.
- Du Toit, B 2012 "Wat sê die Bybel?" *www.aanlynkerkbode.co.za* 09/01/2013 Afgelaai.
- Le Cornu S. "Die Nuwe Hervorming: Wetenskaplike of evangelisasie terrein?" *www.proregno.co.za*. Afgelaai 09:01:2013.
- Le Cornu S. "Skrifongeloof in ons tyd – Bybel en wetenskap: H G Stoker se getuienis" *www.proregno.co.za*. Afgelaai 09:01:2013.
- Human, D 2003. "Teologie Kroniek: Skrifverstaan en die Nuwe Hervorming". *Verbum et Acclessia*. 24 (1) 2003.
- Spangenberg, I J J. "Die Dogma van die Erfsonde". *www.nuwe-hervorming.co.za*. Afgelaai 09:01:2013.
- Spangenberg, I J J 2012. "Ses dekades Ou Testament-teologie (1952-2012): Van één Spreker tot verskeie menslike sprekers". *HTS*. 60 (1&2) 2004. *www.hts.org.za* Afgelaai 09:01:2013.
- Spangenberg, I J J. "Nuwe Hervorming. Amie van Wyk vs Sakkie Spangenberg". *www.nuwe-hervorming.org.za*. Afgelaai 21/07/2008.
- Wolmarans, H 2010, "Dawid, Jonatan en Homo-erotiek", *www.spiritualiteit.co.za*. Afgelaai 09:01:2013.
- Wolmarans, H et al. 2004, "Jesus se goddelikheid", *www.nuwe-hervorming.org.za*. Afgelaai 21/07/2008.
- Wolmarans, H, "Gebore uit die Maagd, Maria ...", *www.nuwe-hervorming.co.za*. Afgelaai 09:01:2013.

Genesis:

- Burger, C W et al (red) 1988. *Woord teen die Lig II/3*. Riglyne vir prediking oor die Genesisverhale. Kaapstad: NGKU.
- Deist, F. "Die ewige lewe en die lewe van elke dag (Genesis 2:4-3:24)" in Vos, C & Muller, J (reds) 1991. *Mens en Omgewing*. Halfway House: Orion.
- Fouché, L 1992. *Uit Gods Hand*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Gunkel, H 1977. *Genesis*. Auflage 9. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Kroeze, J H 1967. *Die Tuin van Eden*. Pretoria:NGKB.
- Oosterhoff, B J 1972. *Hoe Lezen wij Genesis 2 en 3? Een Hermeneutische Studie*. Kampem: Kok.
- Sundermeier T 1966. *Génesis*. (Teologiese Boekreeks 14). Otjimbingwe: Verenigde Lutherse Teologiese Seminarie.
- Van Selms, A 1984. *Genesis*. Deel 1 (POT). Nijkerk: Callenbach.
- Von Rad, G 1972. *Genesis*. (Old Testament Library). London: SCM Press.
- Von Rad, G s.j. *Moses*. (Teologiese Boekreeks 14). Otjimbingwe: Verenigde Lutherse Teologiese Seminarie.
- Vos, C & Muller, J (reds) 1991. *Mens en Omgewing*. Halfway House: Orion.
- Vosloo, W 1998. *In die Begin*. 'n Bybelstudie oor Genesis 1-11. Vereeniging: CUM.

Samuel:

- Van den Born, A 1956. *Samuel*. Roermond en Maaseik: JJ Romen & Zonen.
- Vosloo, W, Van Rensburg, F J 1999. *Die Bybellenium: Eenvolumekommentaar*. Vereeniging:CUM.
- Potgieter, J 2006. *'n Studie in Nuwe-Testamentiese Hermeneutiek: Die Homoseksualiteitsdebat in die Nededuitse Gereformeerde Kerk (1986-2004)*. Ongepubliseerde verhandeling. UP.

Jesaja:

- Alexander J A 1953. *Commentary on the Prophecies of Isaiah*. Grand Rapids: Zondervan.
- Longman, T & Garland D E 2008. *Proverbs-Isaiah*. The Expositor's Bible Commentary. Vol. 6. Grand Rapids: Zondervan.
- Kaiser, O 1983. *Isaiah 1-12*. (OTL). London:SCM Press.

Algemeen:

- Archer, G 1994. *A Survey of Old Testament Introduction* (3e Uitg.). Chicago: Moody Press.
- Elwell, W A 1995. *Evangelical Commentary on the Bible*. Vol. 3. Grand Rapids: Baker Book House.
- Kautzsch, E & Cowley, A E 1910. *Gesenius' Hebrew Grammar*. Oxford: Clarendon Press.
- Pfeiffer, C F 1962. *The Wycliffe Bible Commentary: Old Testament*. Chicago: Moody Press.
- Van Zyl, A H 1993. *Die Bybel verklaar: 1983-vertaling*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Vosloo, W & van Rensburg, F J 1993. *Die Bybel in Praktyk*. Vereeniging: CUM.
- Whitaker, R, Brown, F, Driver, S R. & Briggs, C A A 1906. *The Abridged Brown-Driver-Briggs Hebrew-English Lexicon of the Old Testament: From A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament by Francis Brown, S.R. Driver and Charles Briggs, based on the lexicon of Wilhelm Gesenius*. Boston; New York: Houghton, Mifflin and Company.